## GEBEDSBULLETIN:

***Julie se tema:*** **VRIENDELIKHEID**

1 Kor13:4 Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie.

## DANKSEGGING:

* Dank die Here vir Kenani se werk in ons gemeenskap, diens aan ouerwordende persone (behuising, gebalanseerde maaltye, programme om vereensaming te voorkom, diens aan gestremdes).
* Verdere goeie reën in Kaapstad area (damme). Bid vir mense wat skade gely het.
* Vir buite instansies wat ons gemeente se geboue gebruik - bid dat dit as getuienisgeleentheid sal dien (deur ons vriendelikheid).

## GEBED EN SMEKING:

* Deuroffer vir Kenani - dra die personeel en inwoners/lede aan die Here op.
* Dat die Heilge Gees ons sal vul met vriendelikheid teenoor alle mense wat ons pad kruis .
* Die president en die geweldige druk waaronder hy werk (selfs van faksies binne die regering). Pogings om hom uit sy amp te kry.
* Kerkraadsvergadering Donderdag.
* International Sports Leadership School (ISLS) vind op Stellenbosch plaas (12 Julie - 4 Oktober). Leiers van verskillende lande word opgelei om die evangelie dmv sport te bedien. Bid vir elkeen se verhouding met God, vir kultuurverskille en vir eenheid.
* Ons land - ekonomie.
* Bendegeweld in Kaapstad.






# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 28 JULIE 2019**

*"Ek het geweet U is 'n genadige en barmhartige God, lankmoedig en vol liefde. U sien maklik af van die straf wat U aangekondig het". (Jona 4:2 )*

## PROGRAM VIR VANDAG:

**09:00—Kerkgebou**
Ds Robert

**09:30—Vleesbaai**
Ds André

Spesiale offer vir Kenani Dienssentrum

**KATEGESE/KINDERKERK:**

| | |
|---|---|
| Gr R-6 | Kinderkerk in die saal |
| Gr 7-8 | In die "gat" |
| Gr 9-10 | Soos ds Robert reël |
| Gr 11 | Vergader om 10:00 |

## VOLGENDE SONDAG:

**09:00—Kerkgebou**
Ds Danie

**09:30—Vleesbaai**
Ds Robert

Sinodale offer vir Hospitaalbearbeiding

**KATEGESE/KINDERKERK:**

| | |
|---|---|
| Gr R-6 | Kinderkerk in die saal |
| Gr 7-8 | In die "gat" |
| Gr 9-10 | Soos ds Robert reël |
| Gr 11 | Vergader om 10:00 |

## AKTIWITEITE VIR DIE WEEK:

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerk-kantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

| | |
|---|---|
| **MAANDAG:** | 15:00 Bybelstudie Santos 2 (ds Danie) |
| **DINSDAG:** | 09:00 Bybelstudie in die "gat" (ds Robert)<br>09:30 Bybelstudie konsistorie (ds Danie)<br>09:30 Bybelstudie saal (ds André)<br>19:00 Bybelstudie Tienie Bothastr (ds Robert) |
| **WOENSDAG:** | 15:30 Biduur Santos 1 (ds Danie)<br>18:30 Selgroep Boekenhoutstr (ds André) |
| **DONDERDAG:** | 06:00 Manne saambid in saal<br>09:00 Bybelstudie Vleesbaai/Rietvlei (ds Robert)<br>18:00 Kerkraadsvergadering |



## NUWE MENSE:

**Baie hartlik welkom in ons Christus-familie!**
Ontmoet die dominee na die diens voor by die preekstoel.
Kom geniet 'n koppie tee/koffie na afloop van die erediens.

# IN FOKUS:

**KOSKAS:** JULIE is Streek A se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**DEUROFFERS:** Spesiale offer Herberg Kinderhuis was R2386-75.

**TOERUSTING:** Lees speel 'n belangrike rol in verryking. Vir geestelike verryking is die lees van die Bybel natuurlik kardinaal. Daar is egter vandag 'n rykdom van geestelike boeke om ons hiermee te help. Gewoonlik is die boeke duur en koop ons dit nie maklik nie. Ons het nou 'n BOEKRAK in die voorportaal van die kerk met 'n klomp geestelike boeke. U kan 'n boek vir R20 koop, of ruil vir 'n geestelike boek wat u nie meer gebruik nie. Op hierdie wyse kan u toegang kry tot boeke wat gewoonlik tussen R150 en R200 kos. Kom ons gaan stof ons vergete boeke af en word deel van hierdie projek!

**BOTSWANA UITREIK:** Die uitreikspan is terug en veilig, na 'n geseënde uitreik. Volgende Sondag sal die span terugvoering gee. Baie dankie aan elkeen wat by die uitreik betrokke was, hetsy deur voorbidding of praktiese hulp. Dit was waarlik 'n gemeente uitreik met soveel gemeentelede se betrokkenheid! Ons het nog ongeskilde perskes en rosyne te koop by die kerkkantoor.

**TE KOOP:** Nog 'n paar pakkies ongeskilde perskes @ R65 p/kg en rosyne R50p/kg te koop by die kantoor.

**TWEEDEHANDSE KLERE:** Daar is nog baie goeie klere beskikbaar. Dit is uitgestal in die saal op die verhoog. U kan gedurende kantoorure (07:30 tot 12:30) dit kom besigtig en aankoop wat u oog vang. Bring gerus ook u familie, vriende en werksmense.

**VONKELVROUE:** 8 Augustus 2019 om 18:30. Tema: Ons het talent! Almal (mans ook) is welkom. Toegang @ R15 sluit sjerrie, sop en broodjie in. Kom geniet 'n heerlike aand!




**LENTE DANKFEES:** Ons begin reeds aankope doen vir die vleistafel (beeste, vark, speserye, derms). Kontant donasies is welkom.

**BESKUIT:** By Sondag se koffie en tee kuier na die erediens—daar is slegs beskuit as ons donasies kry om beskuit te laat bak, of wanneer iemand beskuit vir die geleentheid skenk. As julle dus hou van 'n beskuitjie by julle tee of koffie, bak 'n baksel of gooi 'n geldjie in die blikkie!





**VOORBIDDING GEVRA VIR:**
Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

*Pieter Serfontein Santos Haven, Henry van Wyk Santos Haven, André du Preez Hoogstr, Sonja Cronjé McKinnerystr, Hannes Cronjé, Zetastr, Susan Botha Cecil Shepherdst, Terence Ludick McKinnerystr, Selma de Klerk Blombosch, Olive Muller Vleesbaai, Lieb Wessels Vleesbaai, Terence Ludick McKinnerystr.*

**STERFTES:** *Piet Louw Sea Cottage (eggenoot van Bettie). Pa van Johan Koch Hartenbos. Trudie Rheeder Santos Haven (suster van Louis Botha).*

**BAIE WELKOM NUWE LIDMATE:**
Die volgende lidmate is met Bewys van Lidmaatskap na ons gemeente oorgeplaas.

* Anthon M Meyer (Robbie Scholtzstr) - vanaf Fichardtpark.
* Camdyn du Plooy (doop) (Heidevilla) - vanaf Geref Kerk Jeffreysbaai.
* Daniel J Barnard en Rachel JC Barnard (Santos Haven) - vanaf Mosselbaai.
* Paul Horn (Maroelastr) - vanaf Valhalla.



# PERSONEEL INFO:

**KERKKANTOOR:**
Telefoon: 044-690 3552
ngkerkmsb-suid@absamail.co.za

Kantoorure:
Maandag 10:00—12:30
Dinsdag—Vrydag 07:30—12:30

**KASSIER, SAALBESPREKINGS, ONTVANGS, LIDMAATREGISTER:**
Maretha Fourie 044-690 3552

**SKRIBA, FINANSIES, ADMIN– EN KOMMUNIKASIEBEAMPTE:**
Lezelda Faul 044-690 3552

**KOSTER:**
Nic Olivier 072 485 1316

**ORRELIS:**
Cobus du Toit 072 645 3194

**PREDIKANTE:**
Ds Danie: 044-691 1450
084 701 4386
dsdansmit@gmail.com
Ds André: 044-693 2462
084 613 2462
andrekritzinger01@gmail.com
Ds Robert: 044-691 2244
084 684 1304
robmar@cybersmart.co.za

**FINANSIËLE BYDRAES:**
**Vir dankoffers & spesiale projek bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai-Suid
ABSA tjek—207 058 0031
(indien jy vir 'n spesiale projek bydra, gee jou naam en projek by die verwysing)
**Vir Geloofsgelofte-bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai (GBO)
ABSA tjek—207 016 7886